



KAMMANUUS

Nommer 321

30 Januarie 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Terug in die land van sand ná 'n kuier in Duskantland

Welaan vriende!

Ek is weer veilig terug in die land van sand, terwyl Kamermaatjie nog 'n rukkie gaan vertoef in Jaansberg. Sy is besig om ons Duskantlandse huisraad te pak. Ons trek terug Kaap toe.

Dankie vir die menigtes wat ingeskryf het vir die Kersgeskenkwedstryd. Ek sal in volgende keer se uitgawe laat weet wie die geskenkbewys van R100 gewen het om by Kalahari.com te gaan uitgee.

Die **Dropbox**-skakel na die nuusbrief werk ook blykbaar heel goed. Net jammer dat heelparty van ons lesers nie hul eie internet het nie en dus nie na die wêreldwye web kan gaan om hom af te laai nie. Vir hulle onthalwe sal ons maar dus steeds moet staatmaak op die kubermikstokkie-metode en hom aanheg by 'n e-pos.

Vir die van julle wat steeds sukkel met die pdf-weergawe, jammer, maar daar is nie veel wat ons kan doen daaromtrent nie. Die nuttigste Acrobat-weergawe is buitendien gratis beskikbaar op die net.

Hoe heerlik was dit nie om weer in die Suid-Kaap te kuier en te meng met onse mense nie! Om ook weer te kon skouer skuur met die Kaapse bruin mense en hul eiesoortige humor en insig in die mens se natuur. Die unieke manier waarop hulle 'n saak kan raakvat, al vat hulle soms bietjie laag.

So gaan wandel ons een oggend op Hermanus in die dorp op 'n laat somer winskopiejaag. Terwyl Annabelle fluks vooruitstap en vlinder van een boetiek na 'n ander in die hoop om die perfekte dubbelslingervel in die regte kleur raak te loop, raak ek stesematig agter en word ek die maklike prooi van die bedelaars en straatverkopers.

Een antie sonder voortande keer my voor en hou 'n paar miniatuur velskoentjies na my uit.

"Mens hang hierie aan jou kar se spieëltjie. Net R10 menee'. Ek en my man maak hierie skoentjies self, ons ve'koopit vi' kosgeld," vertel sy my. Ek verbeel my ek ruik iets anders as hongerte op haar asem en maak verskoning dat Kamermaatjie die kleingeldbeursie het. Maak die fout om te sê die kleinste wat ek aan my het is R100. "Ma' menee', dan kan dji mos tien koop!"

Sy het darem meer styl as wat ek haar wou toegee en blaas die aftog met 'n tandelose glimlag. Die volgende oggend loop ons mekaar weer raak, en omdat sy my herken en groet al het ek nie by haar gekoop nie, en omdat ek sien sy het wel 'n ma wat ook skoentjies verkoop, koop ek maar 'n paar rooies. Ten minste bedel hulle net nie.

Later die week, langs die Weskus, kom staan daar 'n bruin man, al klaar lekker geswaai, langs my in die drankwinkel op Langebaan. Hy koop 'n enkele bier. Terwyl ons al twee op ons bestelling wag, spog hy by my. Wys my 'n pakkie goedkoop sigarette met 'n onbekende naam.

"Het dji gewiet die kos R9 goedkoper as StUyvesant?"

Hy mik en wik om regop te bly. "Magriet gaan nou weer baie woorde hê omdat ek nie haar brênd gekoop het nie", knip hy vir my oog.

"Hoekom moet 'n man dan rook as jy vir die selle prys kan rook én drink!"

Sy wysheid maak nogal sin vir my.

"Nei wat," gaan hy voort, "Ek vat ma elke kee' die raasbek se raspertong saam met 'n lekker' botteltjie bier!"

Nou ja, soos ek seg, lekker gekuier innie kaap in!

Groete,

Hennie Greeff

Doha, Katar – tans in Suid-Afrika

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Jy is dalk 'n boer as . . .

- As een of almal van die volgende goed in een of meer van jou voertuie is:
- Draadtang,
- 'n spuit, spuitnaalde en terramycin,
- 'n paar patroondoppies (waarvan 'n paar nog gelaai is),
- isoleerband, 'n stuk tou, 'n stuk binddraad,
- 'n paar sleutels - heel moontlik 'n 13, 17 en 19 en 'n *grip* onder die seat, (as jy na 'n bakkie se sitplekke verwys as *seats* en aanneem dit is Afrikaans, saam met *clutch* en *exhaust*),
- 'n klomp papiere insluitend strokies, kwitansies, fature,
- toilet papier en 'n spul ander wat al so vuil getrap is dat jy nie regtig weet wat hulle is nie, maar hou net vir ingeval jy hulle later nodig kry.
- En 'n bos sleutels wat alles op die plaas oopsluit.

SLET

(naamwoord)

VROU MET DIE MORELE WAARDES VAN 'N MAN

Dis baie moeilik om te sê wat geluk bring, want armoede en rykdom het albei gefaal.

-- Kin Hubbard (1868-1930)

Die ware maatstaf van jou rykdom is hoeveel jy werd is as jy al jou geld verloor.

-- *Onbekend.*

Die kortste feëverhaal

Eendag was daar 'n jong man.

Hy vra sy meisie of sy met hom sal trou. Sy gee hom die trekpas.

Daarna het hy gaan visvang en jag, en vreeslik baie gholf gespeel en bier gedrink, en gepoep net wanneer hy wou.

En hy het gelukkig geleef tot in lengte van dae.

Die einde.

Kursusse vir vroue

1. Stille - Die Groot Grens:

Waar geen vrou nog was nie.

2. Die onbekende sy van bankwese:

Hoe om 'n deposito te maak.

3. Partytjies:

Hoe om sonder 'n nuwe uitrusting te gaan.

4. Manbestuur:


Takies wat tot ná die wedstryd kan wag.

5. Badkamer-etiket I:

Mans het ook plek in die badkamerkassie nodig.

6. Badkamer-etiket II:

Sy skeermes is **sy** skeermes.



Darwin-pryse vir 2011

Die Darwin-pryse vereer die mense wat hulself vrywilliglik en op die ongewoonste en domste maniere uit die genepoel verwyder het.

Semifinalis #2

Drie Brasiliaanse mans het in 'n ligte vliegtuig op 'n lae hoogte gevlieg toe 'n ander vliegtuig hulle nader. Dit het gelyk of hulle hul kaal agterstewes vir die ander vliegtuig wou ontbloot, maar beheer verloor en neergestort het. Hulle is dood in hul vliegtuig gevind, met hul broeke om hul enkels.

Angsliiggies?

Wie van ons lesers sou kon raai dat dit die Engels vir 'hazards' of die Afrikaans vir 'noodligte' is? En is daar iemand wat wil stry dat dit 'n beter vertaling is?

VOORDELE VAN KAAL WERK TOE GAAN

1. "Ek wil graag my deel betaal, maar my beursie is in my broek."
2. Die mans sal ophou om by jou bloes in te loer.
3. Jy sal uitvind of dit dieselfde is as wat daai nagmerrie was.
4. Kollegas sal ophou om jou penne te gaps as hulle sien waar jy hulle hou.
5. Niemand steel jou stoel nie.
6. Trek die aandag af van die feit dat jy ook dronk is.
7. Jou baas sal nie op jou gil om jou gat in sy kantoor te kry nie.



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Brouerye vry na ongetapte vrouemark

BIER is nog altyd beskou as 'n ding vir mans, maar in Europa is daar nou 'n hele paar "meisiebiere" op die mark – 'n manier om in te tap op die vrouemark wat jaarliks glo R4,2 miljard werd is en waarvan net 50% bereik word.

Daar is nou 'n bier wat gemaak word om saam met kerrie te drink, nog een wat na passion fruit smaak en 'n derde met 'n proesel van lemoenskil en koljander.

Navorsing deur die bier-reuse onthul dat vroue bier vermy omdat hulle dink dit maak vet. Bieradvertensies is ook seksisties en bier word gereeld voorgelou as 'n drankie vir mans – as iets wat hulle opslurp in die teenwoordigheid van goedbedeelde kelnerinne.

Eve is 'n bier met 'n alkoholinhoud van 3.1% - lig in alkohol en met 'n soet, vrugagtige smaak. Animee weer kom in drie geure – helder gefilter, tintelende roos en pikante suurlimoen. Dit het ook 'n anti-opswelgevoel bestanddeel en is laag in kalorieë.

Die brouerye sê hulle wil bier se beeld by vroue verander, maar die sinikus mag redeneer dat die eintlike rede is dat bier se verkope die afgelope 30 jaar met 30% gedaal het.

► **Die vraag is ook of jy iets nog bier mag noem as dit na allerhande ander dinge smaak?**

Poef! en Israeli's spaar geld

DIE Israeli's is besig om 'n nuwe veiligheidsmeganisme vir lughawens te ontwikkel wat alle argumente oor vollyf-skandeerders en die inbreuk op privaatheid uit die weg sal ruim. Daar sal ook geen rassediskriminasie wees nie.

Dit is 'n gepantserde hokkie waarby passasiers instap, maar pleks van 'n X-straal, laat dit enige plofstof wat iemand aan sy lyf dra ontbrand.

Die Israeli's beskou dit as 'n wen-wen oplossing. Dit voorkom ook lang en duur hofsake.

Die ander passasiers in die vertreksaal sal 'n dowwe ontploffing hoor, gevolg deur 'n aankondiging oor die openbare luidspreker:

"Aandag, alle passasiers wat op bystand is. Ons het nou 'n sitplek beskikbaar op Vlug 786 na Londen. Shalom!"

Simpatie met 'n wit tuinjong

Ingestuur deur Johann Mostert

Hierdie storie is glo die hele waarheid - vir sover sulke stories waar is. Dit het in Bloemfontein gebeur.

EK HET die afgelope vakansie 'n interresante episode beleef. Nadat ons terug was by die huis, het my tuinhulp van baie jare ook toe so twee weke se verlof gekry.

Dit het natuurlik beteken dat ek self weer agter die grassnyer moes inskuif.

Die Saterdagoggend was ek in my oudste LO-broek en T-hemp besig om die gras op die sypaadjie voor ons huis te sny. Ek was haastig en wou die taak ordentlik en gou afgehandel kry. Ek was dus nie lus om vir 'n nuwe voornemende tuinhulp te verduidelik hoe die gras gesny moes word nie.

Maar soos dit maar altyd gaan: As jy niemand nodig het nie, dan daag al die hulp in die wêreld op. Elkeen wil weet of hy nie stukwerk vir die dag kan kry nie. Toe die vierde een opdaag en hande in die sakke staan en vra of hy stukwerk kan kry, verloop die gesprek omtrent soos volg:

Hy: "Ek ken hom die sny van die gras, ek soek die job."

Ek: "Sorrrie man, ek bly nie hier nie, ek werk net vir die mense wat hier binne bly."

Hy: "Hau, die mense hulle *employ* 'n *whitey* by die tuin?"

Ek: "Ja, en hulle gee nie eers kos by *lunchtime* of taxigeld nie."


Einde van die storie was dat hy sy pakkie Kent sigarette uithaal, en my een aanbied.

Ek vat dit, en hy steek hom vir my aan. Ek vat so drie trekke, knip die sigaret en sit die stompie agter my oor. So met die wegstap was sy laaste woorde: "Die ANC het alles kom opf-k."



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



JANNIE OP DIE STRAND

Die ouma het haar kleinseun strand toe geneem, 'n groot handdoek oorgesprei en 'n sambreel opgeslaan. Hulle het skaars gesit toe sy op die kind begin skree.

"Jannie, moenie so vinnig hardloop nie, jy sal seerkry. Jannie, bly weg van die water, die jellievisse sal jou steek. Sit op jou hoed, jy gaan sonsteek kry.

"Jannie, het jy sonbrandroom aan?

"Jannie, bly in die vlakwater, jy sal verdrink!"

Toe draai sy haar na die vrou op die handdoek naaste aan haar.

"Ag," het sy gesug. "Die Jannie is darem so 'n senuweeagtige seuntjie."

OU VROU SE WRAAK

'n Bejaarde dame ry in die hysbak in 'n luukse gebou in Sandton toe 'n jong dame inklim wat na baie duur parfuum ruik.

Sy draai arrogant na die ou dame en sê: "Romance van Ralph Lauren, R850."

Nog 'n jong vrou klim in die hysbak en sê ewe arrogant: "Chanel No. 5, R620."

Drie vloere later stop die ou vrou die hysbak om uit te klim.

Voordat sy afklim, kyk sy albei jong vroue in die oë, los 'n wind en sê:

"Koo Baked Beans, R5.50. Voetsek!"

As jy op die vloer kan lê sonder om vas te hou, is jy nie dronk nie.

~ Dean Martin

BOERERAAT

Twee boere loop in die veld. Een van hulle hurk by 'n bol natterige beesmis, druk sy vingers daarin en smeer dit aan sy lippe.

"Hei ou, hoekom doen jy dit?", vra die tweede boer.

"Ek het gebarste lippe," antwoord hy.

"So, help dit daarvoor?" vra die eerste een.

"Nee, maar dit keer dat ek my lippe aflek."

VERSTOMMENDE PERD

'n Man van Gauteng het deur die Karoo gereis toe sy kar gaan staan. Hy het die enjinkap ooggemaak en probeer sien wat die fout is.

Net toe kom 'n perd aan die ander kant van die draad, leun oor en sê: "Probeer die brandstofpomp, hy is waarskynlik verstop."

Die motoris was so verstom dat hy na die naaste plaashuis gehardloop en aan die boer vertel wat gebeur het.

Die boer het gefronsd, en sê: "Was dit 'n wit perd met 'n kol aan die een kant van sy gesig?"

"Ja," sê die motoris opgewonde, "dit was hy!"

"Wel," brom die boer, "moenie jou aan hom steur nie. Hy weet niks van enjins nie."

ANDY CAPP deur Smythe




FEITE

oor vroue

As jy hier lees en alles onthou, gaan jou lewe baie makliker wees!

- ◇ Hulle hou van inkopies doen - dis die een plek waar hulle in beheer voel.
- ◇ Vroue is gek na winskopies. Of hulle die item nodig het, is nie ter sake nie.
- ◇ Vroue het nooit iets om te dra nie. Moenie verwys na die vol rakke in haar klerekas nie - jy verstaan net nie.
- ◇ Vroue het nodig om te huil. Nie stilletjies en alleen nie, maar waar jy hulle kan hoor.
- ◇ Vroue hou daarvan om te praat. Stiltes intimideer hulle en moet gevul word, selfs al het hulle niks te sê nie.
- ◇ Vroue hou daarvan om te hoor van vroue wat slegter as hulle af is. Dis hoekom sepies en Oprah Winfrey so gewild is.
- ◇ Vroue kan uit spoedkaartjies loskom deur hul lippe te tuit. Mans word hiervoor gearresteer.
- ◇ Vroue besoek die toilet altyd in groepies. Dit bied hulle die kans om te skinder.
- ◇ Vroue kan nie 'n luiende telefoon weerstaan nie, selfs al is sy baie besig. Sy het dalk 'n lotery gewen.
- ◇ As mans 'n week lank op reis gaan, pak hulle vyf stelle klere en dra party twee keer. Vroue pak 21 stelle in omdat hulle nie weet hoe hulle elke dag gaan voel nie.
- ◇ Vroue is gek na foongesprekke. Nadat sy twee weke lank by 'n vriendin gekuier het, sal sy haar bel en drie uur lank gesels.
- ◇ Vroue sal liever drie keer links draai in verkeer as om een keer regs te draai.
- ◇ Vroue verwag NIE 'n eerlike antwoord op die vraag "Hoe lyk ek?" nie.



'Jacob Zuma is 'n heilige'

Verlede Saterdag het 'n adjutant van Jacob Zuma die biskop van die Katolieke katedraal besoek. Hy vertel aan die biskop Zuma sal die volgende dag se mis bywoon, en sal die biskop nie asseblief 'n paar woorde oor Zuma sê, onder meer dat hy 'n heilige is?

"Ek hou nie van die man nie," het die biskop gesê. "En daar is 'n paar van sy sienings wat hom in konflik met die Katolieke kerk plaas."

Die adjutant bied toe aan om 'n tjek vir R100 000 uit te skryf, geld wat sy kerk goed kan aanwend.

Die biskop het nagedink, en ingestem, want die kerk het geld nodig.

Die volgende dag daag Zuma by die kerk op, en neem 'n prominente sitplek in.

Die biskop begin toe sy preek:

"Terwyl pres. Zuma se teenwoordigheid seker 'n eer vir sommige van julle is, is hy nie een van my gunstelingpersone nie.

"Sommige van sy skokkende uitsprake en beginsels is nie versoenbaar met die kerk nie, en hy verander gereeld van opinie oor sekere sake. Hy is 'n kleinlike en eiesinnige huigelaar, 'n klipchristen, 'n duimsuier en 'n swaap.

"Hy is 'n gewoonteleuenaar, 'n verneuker en 'n dief. Ek moet sê pres. Zuma is die swakste voorbeeld van 'n Christen waarvan ek weet.

"Hy het vir geld getrou en gebruik sy rykdom om vir mense te lieg. Hy het ook die reputasie dat hy sy verpligtinge tuis en oorsee versuim en ontduik. 'n Mens kan die man eenvoudig met niks vertrou nie."

En toe sluit die biskop af: "Maar in vergelyking met Julius Malema is hy 'n heilige."



Ek het opgehou om te drink

Miskien is ek verkeerd, maar sedert ek 10 dae gelede opgehou drink het, doen mense goed wat sewe soorte uit my irriteer.

Soos wanneer iemand na sy arm wys wanneer hy my vra hoe laat dit is.

► Ek weet waar my horlosie is, pel - waar de moer is joune?

WYS EK NA MY TOTTIE AS EK VRA WAAR DIE TOILET IS?

Of soos wanneer iemand van sy stoel af opstaan en die hele donnerse kamer vol soek na die afstandbeheer.

► STAP NA DIE BLERRIE TV, STEL DIE VOLUME OP EN KOM SIT OP JOU GAT!

En as die mak moer dan die afstandbeheer kry, sal hy opmerk:

"Dis altyd op die laaste plek waar jy soek."

► NATUURLIK KRY JY DIT OP DIE LAASTE PLEK WAAR JY SOEK! Watter idioot sal nou aanhou soek as hy die ding klaar by die eerste plek gekry het?

En as jy in 'n fliet sit en iemand vra: "Het jy dit gesien?"

► Nee, drol, ek het R45 betaal om na die fliet se vloer te kom staan!

Of as iemand vra: "Kan ek jou 'n vraag vra?"

► Wil jy my nog 'n simpel vraag vra, want jy't my mos nou al klaar 'n vraag gevra?!

En dan sê 'n ou "Jy sal my nie glo nie maar ek het 10 kilo's verloor."

► OUKEI POEPIES, VERTEL MY DAN IETS WAT EK SAL GLO!

Of wanneer hierdie advertensie-eters iets adverteer as:

"New and Improved".

► WAT IS DIT NOU EINTLIK? As iets nuut is, was daar mos nie iets voor dit nie, en as dit "improved" is, moes daar mos iets gewees het waarop improve" is. So hoe de hel kan dit nou "New" EN "Improved" wees?

Of as iemand sê: "Die lewe is kort."

► STROOI MAN! Dis die langste blesitise ding wat jy ooit sal beleef! Wat gaan jy doen wat langer as dit is?

Of as jy vir die bus sit en wag en iemand vra of die bus al gekom het.

► As die bus al gekom het, sou ek nog hier gesit en wag het, jou donnerse dom idioot?

Dan kry jy 'n kennis wat jou raakloop by 'n plek en vra: "Wat maak jy hier?"

► EK HET NET GOU KOM SKYT, EN JY?

RAAI WAT? EK OORWEEG OM WEER TE BEGIN DRINK.

ETIKET VIR BRAKPANNERS

(soos voorgeskryf deur Emsie Schoeman en hersien deur Andre P. Brink)

PERSOONLIKE GESONDHEID

1. Hoewel ore gereeld skoongemaak moet word, is dit iets wat verkieslik met jou eie bakkiesleutels gedoen moet word.
2. Grond en olie onder jou vingernaels is 'n *social* nee, want dit gee daai vinger *snacks* 'n snaakse smaak en cherries laaik dit nie so kwaai nie.

VERHOUDINGS (buite die familie)

1. Bied altyd aan om die aas aan jou *goose* se hoek te sit, veral met die eerste *date*.
2. Maak seker jy vind uit by haar ma-hulle wanneer sy by die huis moet wees. Party sal sê 10-uur, ander Maandag. As die antwoord Maandag is, is dit jou *job* om te sorg dat sy betyds by die skool is.



Deel 11

Ondanga, vlieë en muskiete



DIRK BOSHOFF

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog van sy dienstryd op Ondangwa

Ek is skaars terug van Mpacha op Waterkloof toe ek gevra word om ses maande na Ondangwa te gaan naby die Angolese grens. Hier gebeur dinge baie anders. Dit was ook die grootste lugmagbasis op die grens tussen Mpacha, Ondangwa en Rundu.

Hier was baie vragvliegtuie en ander weermagvoertuie. Die Recces het 'n basis hier gehad, baie sekuriteitsolde, infanterie, ens. Waar 'n vragvliegtuig in Mpacha net oor die boomtoppe swiep voor landing, het dieselfde vragvliegtuie op 'n hoogte van ongeveer 22 000 voet gebly tot reg bo Ondangwa-lugmagbasis, en dan met 'n skerpe val van 45 grade vinnig grond toe "geval" voor landing.

Die rede was dat hulle nie sommer op daai hoogte afgeskiet sou word nie en dat radar hulle nie sommer sou kon optel nie. Die basis was ook baie besig met tot 35 of meer vragvliegtuie per dag wat in- en uitgegaan het. Somtyds was daar sommer vier vragvliegtuie wat in 'n "spiraal" onder mekaar gelyk af gekom het vir landing.

Dit word so warm dat jy elke dag wit salpeter op jou *browns* gehad het. Op die basis het dit maklik 50 °C en warmer geword. Vlieë het soos onweerswolke om jou gehang.

Met aanmelding word ons elkeen dadelik van 'n R5-masjiengeweer en 90 rondtes voorsien. Jy moet jou wapen dag en nag by jou hê. Ons slaapplek is 'n bra vervalle geboutjie met geen vensters nie. Ons plaas later die diamantvormige staal siwwe in die plek waar die vensters moes wees. Om die "woestyn"-wind en sand af te keer maak ons sandsakke wat leeg is oor die staalsiwwe vas. Ons kry muskietnette wat ons aan die dakke vasmaak regoor ons beddens en dan invou onder ons matrasse sodat muskiete wat soos 'n klomp muggies om jou hang in die aande jou nie terroriseer nie.

Ons eet nie in 'n eetplek nie. Ons was ook in skofte ingedeel en het 24/7 gewerk. Elke skof het so 15 lugmanne gehad, soos ons genoem was. Van ontbyt (as ons tyd

Ons kry muskietnette wat ons aan die dakke vasmaak en onder die bed invou.

gehad het) tot aandete is een groot oondbak na ons groep gebring. Aan die een kant was bv. roereiers (die poeier soort) en in die ander hoek spek. Vir middagete bietjie pampoen, in die ander hoek rys, ens. Almal moes saamdrom om die oondbak en sommer so deurmekaar eet. Daar was amper nie tyd vir eet nie. Voetsolde het in groot groepe opgedaag om patrollie te doen.

Die reëls was streng. Niemand sou buite die basis toegelaat word voor 06:00 die oggend nie en ook nie toegelaat word in

die basis ná 18:00 die middag nie behalwe as spesiale reëlins getref was.

Oshakati was so 'n entjie van ons af. So gaan doen ek en 'n kaptein eendag patrollie met die Allouette-helikopter. Ons taak is om vas te stel of daar voetspore op die grond of ongewenste elemente is. Ook of van die permanente inwoners se huise nog veilig is. Daar was nie baie nie. Dit is ou plaashuise, party was reeds vernietig deur aanvalle van die Angolese regering.

So patroleer ek ook saam met 'n luitenant met sy Bosbok die kaplyn (die rooigebied en grens tussen die twee lande). Weer is daar huise wat in bomontploff-fings vernietig is. Jy kan sien hier gebeur ding . . . anders as wat dit naastenby in Mpacha was.

'n Donderstorm nader ons. Die vlieënier geen my die geleentheid om self die vliegtuig in die lug te beheer. Wat 'n vry gevoel was dit nie! As jy die hefboom wat tussen jou knieë was effens na links draai, gaan vliegtuig links.

Ek het nooit besef dat vliegtuig so sensitief sou wees vir 'n effense beweging na bv. links nie. So begin ons die kant van die storm tref met sterk winde.

Ons word rond- gegooi in die lug en die luitenant neem die vliegtuig oor. Die vliegtuig is baie lig en ons keer terug basis toe. In beide vlugte het ons net skade gesien aan geboue van plaashuise - niks anders nie behalwe 'n semi-woestyngebied met hier en daar palmbome en hittegolwe.

Oorlog is 'n reeks katastrofes wat eindig in oorwinning.

~ Georges Clemenceau (1841-1929)

KAM-001



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

JAPIE SE GUNSTELINGPOEDING

Hierdie keer wyk ons af van Jan en Esmé se resepte en plaas op spesiale versoek een uit Kook en Geniet.

Mev. Kotie de Villiers se man, Japie, het ál haar poedings geproe en gesê hierdie een kry sy eerste prys.

JAPIE SE GUNSTELING

2 eiers - skei wit en geel van mekaar.
 250 ml (1 koppie) suiker
 62 ml (¼ koppie) All Purpose Meelblom
 250 ml (1 koppie) melk
 187 ml (driekwart koppie) lemoensap
 1 e suurlemoensap
 Fyn gerasperde skil van 1 lemoen (net die oranje gedeelte)
 25 ml (2 e) botter.

Verhit oond tot by 180 °C (350 °F).

Klop die geel van die eiers en die suiker saam.

Voeg die meel en die melk om die beurt by.

Voeg lemoensap, suurlemoensap, gerasperde skil en gesmelte botter by.

Klits eierwitte styf en vou in die deeg in.

Gooi mengsel in 'n gesmeerde vuurvaste bak. Plaas 'n effe groter pan met water in die oond en plaas poedingbak daarin.

Bak vir omtrent 45 minute lank of tot dit mooi bruin is.

L.W. Die poeding vorm 'n fyn kors bo-op en 'n heerlike dik sous onderin.

STAMBOOM

Wie kan hierdie mense help met hul familie-stamboom?

AGENBACHT rivil@telkomsa.net

My ouers, Cornelius Johannes Jacobus Agenbacht en Elizabeth Susanna Cornelia Paulsen. My pa was die oudste seun van Johannes Jacobus Agenbacht (1 Nov 1888 gebore, vermoedelik in Vredendal omgewing) en Lo Ammi Cornelia Elizabeth Compion.

BESTER ymn@adelphia.net

Bester, France Johannes gebore 5 Oktober 1905 Oivendraai, Groot Marico. Hy was getroud met Johanna Elizabeth FOURIE gebore 24 Desember 1907. Hulle is getroud op 20 November 1926 te Gabrons, Betsjoeanaland. Albei gewoon en oorlede op Lichtenburg. Ek is op soek na albei se ouers en groot ouers.

BRITS vandermerwe.marietjie848@gmail.com

My ouma was 'n nooi Brits. 'n Famielid van haar is in Durban begrawe omdat hy op see gesterf het met hul terugkoms van Indie as bannelinge. Sy was Martha Maria Petronella Brits en haar ouers was Pieter Stefanus Brits en Anna Catarina Engelbrecht.

BRUYNS gansie.coetzee@daimler.com

Ek benodig asb. enige inligting i.v.m Martina Jacoba Bruyns (Geb. Coetzee) en eggenoot Andries Christoffel Bruyns. Hulle het in die Postmasburg omgewing gewoon, en is ook hier begrawe.

CALITZ ec.natinspect.calitz@saps.org.za

Ek is Albertus Gerhardus Calitz, seun van Dirk Daniël Johannes Calitz, seun van Daniël Johannes Calitz, afstammeling van Matthias Calitz, wat na SA toe gekom het in die 17de eeu as 'n huursoldaat.

COETZEE henniejudy@absamail.co.za

Pa: Petrus Daniel Coetzee (1934-..) getroud met Helena Gerendina Combrink (1936-...) Oupa: Stephanus Petrus Coetzee (1998-1974) getroud met Judith Maria Coetsee. Pretoria. Oupagrootjie: Daniel Coetzee (1871-1901) getroud met Magdalena Elizabeth Susanna Grove distrik Middelburg. Groot Oupagrootjie: Johan Christiaan Lamprecht Coetzee. Getroud met Gertruida Johanna Elizabeth Gildenhuys distrik Kroonstad. Oupa Daniel Coetzee is in Anglo- Boereoorlog doodgeskiet by Lunsklip, distrik Lydenburg.

NOG STAMBOOM-INSKRYWINGS AGTERAAN AGTEROS. Blaai af ↓



AGTEROS

Net voor uitspantyd

Dis nie sommer net vir vlieg nie

"Ná 'n uur begin jy wonder of daar nie een of ander tropiese siekte langs jou begin uitbroei nie."

Deur JACO KIRSTEN

Die mens is nie gemaak om te vlieg nie. En daarmee bedoel ek nie ons moet nie van hoë geboue probeer afspring nie. Ek bedoel dat ons versigtig moet wees voordat ons in 'n vliegtuig klim. Veral 'n passasiersvliegtuig.

Die moeilikheid begin al in die ry as jy in-check.

Die kans is goed dat jy en die res van die ry opgehou gaan word deur 'n ou wat begin stry met die enigste persoon wat 'n toonbank beman. Waaroor stry hy? Omdat hy nie sy gholfstokke via Doebai na George kan laat vlieg nie. En julle staan op O.R. Tambo. Hy dra gewoonlik 'n kakiebroek en gholfhempie vol logo's. En het fyn spatare op sy neus van te veel probeerslae op die 19de putjie.

Die Amerikaners praat van *profiling*. Dit kom neer op 'n bietjie stereotypering. Soos wanneer 'n ou met 'n *two-tone* hemp en oranje Crocs by Musica instap. Jy wéét hy gaan nie sommer oor Bach se Tjello suite Nr. 1 in G-majeur vra nie.

Wel, ek doen nogal dikwels *profiling*. Een aand het ek net-net een van die laaste sitplekke op 'n Lufthansa-vlug uit Frankfurt gehaal en langs 'n oorgewig Duitser met 'n snor en trui met wit en grys blokkies gaan sit.

Nou, Snorre het omtrent 'n week ná die laaste episode van *Magnum PI* uit die mode gegaan. Die enigste ouens wat vandag nog eintlik snor mag dra, is lede van die blitspatroolie (maar dan moet hulle ook 'n *table top*-haarstyl soos Kobus Wiese hê).

Daardie vaalbont trui het om die Duitser se middel gespan soos die seil om die gedoemde lugskip Graf Zeppelin. En wie sê hy sou nie ná 'n gekruide hoenderbredie ook aan die brand slaan nie?

Ons het tydens die vlug nie veel vir mekaar te sê gehad nie, hoofsaaklik omdat sy *love handles* oor die armleuning tussen ons twee gehang het soos 'n muffin wat mooi uit die pan begin rys. Met ontbyt het hy die foelie van sy joghurt afgetrek en sorgvuldig skoongeek, en toe die res van die houer noukeurig skoongeëet, soos iemand wat wag dat die joghurt-Gestapo inspeksie kom hou.

Dit was om van waansinnig te raak.

'n Ander keer kom sit 'n maer ou met 'n keps langs my. En toe die skokkende besef: Hy ruik só sleg dat jy wil naer word.

Maar wat kan jy doen? Jy probeer meditasie, *mind-over-matter*, vasbyt en dink aan beelde van Minki. Maar dit is soos om in 'n tiekiesboks toegesluit te word met 'n beer wat tandpyn het. Ná 'n uur begin jy wonder of daar nie een of ander tropiese siekte langs jou begin uitbroei nie.

Toe ek uiteindelik by die deur uitstropel, het ek amper my bewussyn verloor van al die vars lug.

Dus, as iemand ooit vir jou sê jy moet in jou hel in vlieg, ontspan. Dis net leë woorde. Tensy 'n dik Duitser of 'n skraal ou met 'n keps langs jou kom sit in ry 22.

•Met erkenning aan die skrywer en *Die Burger*.

•Is daar Kammanuus-lesers wat wil vertel van hul vlieg- of treinondervinding? Ons hoor graag van julle: pos@onsdorp.com

Die volgende KAMMANUUS is op 13 Februarie.

BLAAI AF VIR NOG STAMBOOM-INSKRYWINGS

STAMBOOM

COMPAAN aukec8@gmail.com

My oupa was Auke Compaan. Hy het 'n broer gehad met die naam Jan en Louis, Hy was getroud met Helena Johanna Elizabeth Lombard. My pa was Auke en ek is Auke. Veel meer weet ek nie.

DIRKER sterkrivier57@yahoo.com

Pa: Hendrik George Dirker. Ma: Susanna Fredrika Aletta Sharpe, en is op soek na die familiewapen.

ELLIS ellislaw@lantic.net

Doen navorsing oor Ellis-Stamboom in SA en spesifiek dié van die stamvader, Patrick Hendrik Ellis, wat in 1795 na SA gekom het en later OP Knysna, Worcester en Ladismith(waar hy oorlede is) gewoon het.

En hier is een zoeker uit Nederland:**HEERES** sijs@kabel.netvisit.nl

Dit is mijn tante zij is al overleden zij komt van oorsprong uit Muntendam, prov. Groningen, Nederland Baie dank. Jan sijsling

Sluit aan by hierdie stamboom:**HOLTZHAUSEN** helgard_h@hotmail.com

Ek werk aan die stamboom van die HOLTZHAUSEN-familie in SA. Ek het al 27 variante van die van opgespoor, wat almal nageslagte is van ons stamvader Johann Andreas Holtzhausen, wat ongeveer 1729 van Duitsland na SA gekom het. Kontak my sodat jy ook op die stamboom ingesluit kan word!

KOTZE tishahk@live.com

Stamvader Kotze het van Duitsland gekom. Wil graag kontak maak met enige ander Kotzes wat inligting wil deel oor die Kotzes van Calvinia/ Nieuwoudtville se wêreld. So ver terug as moontlik.

KRUGER leonie@goggabe.com

My oupa was Stephanus Johannes Kruger. Hy was die neef van Paul Kruger se neef.

En hier is een uit Amerika:**NEL** ymn@adelphia.net

Op 13 Mei 1959 verskyn daar 'n berig in *Die Kerbode* oor die gouebruilof op Queenstown van Cornelius en Sannie Nel. Hulle is op 15 Maart 1909 op Cathcart getroud. Hulle boer tot 1950 op Cathcart, maar nou van Rusoord, Queenstown. Sannie was 'n mooi Lotter. Hulle het 'n seun wat in 1935 oorlede is en nog twee dogters. Ek soek na inligting oor hulle kinders, kleinkinders en agterkleinkinders asseblief. Vriendelike Groete Yvonne Nieuwoudt, Cincinnati, VSA.

OOSTHUYZEN tabera@telkomsa.net

Oupa: Willem Tobias Oosthuyzen gebore +-1888; Pa: Jacob Hendrik Oosthuyzen gebore 1938-11-27; Ek: Jacoba Francina Oosthuyzen gebore 1963-07-09. My oupa en pa was van Kestell. Op soek na my pa se broers- en suster-kindere.

PISTORIUS maryrudd@webafrica.org.za

Ek het die meeste van die Pistorius-familie op myheritage.com gelys as Pistorius RSA Five Brothers, van hul aankoms in Suid-Afrika in 1838 uit Duitsland aan diegene wat ek vandag kan vind. Kontak my gerus indien jy belangstel, vrae of inligting het.

SKEEN tiskeen@gmail.com

Die Skeen-kant van ons familie is redelik bekend en het ons meeste van die inligting. Ek soek na ons voorgeslagte aan die Van den Berg-kant. My groot oupa was C.J. (Coenraad) van den Berg van Soutpansberg. Oorlede 1901. Sy vrou Coba? Ferreira.

STEYN marnussteyn@hotmail.com

Ek is op soek na inligting van my oupa-grootjie. Willem Jan Harm Steyn, 15/07/1863, gebore en is 24/06/1935 oorlede. Gebore op Boshoff. Hy was 'n delwer en Johannesburg-pionier en was ook in Barberton betrokke. Was moontlik met 'n Venter getroud en later met 'n Coetsee. Die Coetsee-dame se seun was onderburgemeester van Springs in ± 1935). Die Steyns van Steyns Garage in Pretoria was direkte familie. Ander name is Jan Albert, Willem, John (Johannes?), Alice, Martie. 'n Broer van hom was 'n Benjamin. Wie was sy ouers? Sy pa moes een van Pres. Steyn se broers gewees het.

STEYN steynmi2@telkomsa.net

Ek is op soek na my oupa se familiegeskiedenis. Hy was Matthys Johannes Steyn en is gebore op Dewetsdorp, 20 Nov 1891 Getroud met Engela Johanna Susanna Kotze geb 22 Aug 1894 Sy pa se naam was Daantjie - lyk asof dit Daniel Wynand kon wees, want die naam was ook sy oudste seun se naam.

SWANEPOEL frederick.swanepoel@gmail.com

Ek's op soek na enige informasie op Frederick/Frederik Willem Johannes Swanepoel. Ek is die 5de of 6de naamgenoot en wil graag my familieboom reg bywerk.